UPINGTON EXPO 04-06 MEI 2023

UPINGTON EXPO KONTAK BESONDERHEDE	UPINGTON EXPO BANKBESONDERHEDE
(054) 331 2105 Upingtonexpo2@gmail.com **www.upingtonexpo.co.za** BTW NO: 4170118444	**Upington Landbou Expo** **Eerste Nasionale Bank - Upington** **Rek.no: 62032409428** **Tak: 230 604**

UITSTALLER BESONDERHEDE

Besigheid se naam	
Aard van besigheid/ produk wat verkoop word	

Kontakpersoon			
Identiteitsnommer			
(Heg asseblief afskrif van identiteitsdokument aan)			
Posadres		**Poskode**	
Fisiese adres		**Poskode**	
E-pos adres			
Telefoon nommer			
Selfoon nommer			
BTW nommer			

DEPOSITO'S WORD PER EFT TERUG BETAAL 2 WEKE NA DIE SKOU INDIEN VERSOEK – GEEN KONTANT UITBETALINGS
UITSTAL RUIMTE MOET TEN VOLLE BETAAL WEES TEEN 01 APRIL 2023 – INDIEN NIE WORD UITSTAL RUIMTE EN ALLE BETALINGS REEDS GEDOEN VERBEUR EN DIE UITSTAL RUIMTE SAL BESKIKBAAR GESTEL WORD VIR BESPREKING.
GEEN KONTANT BETALINGS SAL BY DIE KANTOOR AANVAAR WORD TYDENS DIE SKOU NIE.

UITSTALLER BANKBESONDERHEDE VIR DEPOSITO TERUGBETALING:	
Rekening Houer:	
Rekening Nommer:	
Rekening Tipe:	**SPAAR / TJEK**
Bank Instansie:	

MOET DEPOSITO NA AFLOOP VAN SKOU TERUGBETAAL WORD? (Merk asb)	JA	NEE

UITSTAL RUIMTE BINNE VERTOONSAAL TEEN R200m² – MERK ASB TOEPASLIKE RUIMTE BEHOEFTE MET "X"

2 X 3m = 6m² R1 200 (BTW ingesluit) + R1 000 Deposito		**6 X 3m = 18m²** R3 600 (BTW ingesluit) + R1 000 Deposito	
3 X 3m = 9m² R1 800 (BTW ingesluit) + R1 000 Deposito		**8 X 3m = 24m²** R4 800 (BTW ingesluit) + R1 000 Deposito	
4 X 3m = 12m² R2 400 (BTW ingesluit) + R1 000 Deposito		**____m X 3m** (R200-00 m²) = R_____ (BTW ingesluit) + R1 000 Deposito	

KOS EN ALGEMENE UITSTAL RUIMTE BUITE – MERK ASB TOEPASLIKE RUIMTE BEHOEFTE MET "X"

KARAVAAN KOS STALLETJIES **6 X 6m = 36m²** R4180 (BTW ingesluit) + R1 000 Deposito		**FOODCOURT KOS STALLETJIES** NAVRAAG BY SKOUKANTOOR **SOOS BESKIKBAAR**	
KARAVAAN ALGEMEEN **6 X 6m = 36m²** R3 510 (BTW ingesluit) + R1 000 Deposito		**UITSTALLINGS OP GRAS ALGEMEEN** **6 X 6m = 36m²** R3 510 (BTW ingesluit) + R1 000 Deposito	

PERMANENTE STALLETJIES (VRYBURGERS / OWK / LIONS / VOERTUIG UITSTALLINGS)	**NAVRAE BY EXPO KANTOOR**	

BAIE BELANGRIK : ALLE STALLETJIES MOET TEEN 21h00 WOENSDAG 03 MEI 2023 KLAAR OPGESLAAN WEES WAARNA STALLETJIES DEUR EXPO BESTUUR BESIGTIG SAL WORD TOT 21H30 OM SEKER TE MAAK ALLES IS IN ORDE SODAT ONS DIE PUBLIEK DONDERDAG OGGEND KAN ONTVANG. INDIEN U STALLETJIE NIE OP DIE BEPAALDE TYD KLAAR OPGESLAAN IS NIE SAL DAAR 'N BOETE VAN R800 VAN U DEPOSITO AFGETREK WORD. TERREIN INSPEKSIE DEUR VEILIGHEIDSDIENSTE EN DEPT. GESONDHEID VIND PLAAS 04 MEI 2023 OM 08H00

Ek / ons verklaar dat ons bewus is van die reëls en regulasies wat geld tydens die skou. Deur die ondertekening van hierdie aansoek verbind ek my / ons tot die reëls en regulasies van die skou.

_____ _____

HANDTEKENING VAN AANSOEKER **DATUM**

BELANGRIK:

R 1000-00 deposito is betaalbaar by bespreking. Deposito sal verbeur word in geval van vroeg ontruiming en kansellasie van stalletjie om watter rede ookal. Deposito's word 2 weke na skou per EFT uitbetaal na afloop van die stalletjie inspeksie. GEEN kontant terugbetalings vir deposito's sal gedoen word vir veiligheids redes. Aansoeke word op waglys geplaas totdat betaling ontvang word. Indien kontant deposito gedoen word moet stalletjie/besigheid naam as verwysing dien op depositostrokie.

Belangrike Inligting rakende die reels van die Upington Landbou Expo

Stel u asseblief op hoogte met die volgende punte voordat u die ingeslote aansoekvorm voltooi.

1. Slegs volledige voltooide aansoekvorms (met nodige aanhangsels) sal oorweeg word.
2. Uitstallers ontvang 2 gratis ingangs kaartjies. Addisionele ingangs kaartjies vir personeel moet gekoop word.
3. Voltooiing van aansoekvorm waarborg nie outomaties uitstalruimte nie. Uitstallers sal gekeur word volgens samestelling van produkte. Die Expo Bestuur is nie verplig om 'n rede te verskaf vir besluite geneem nie.
4. Die Gordonia Kenhardt Landbou Genootskap en die Expo Bestuur aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige skade of verlies van watter aard ook al, wat mag spruit uit beserings, diefstal of verliese tydens die tydperk van die Expo nie. Uitstallers / Vertoners moet voorsiening maak vir eie versekering.
5. Alle stalletjies moet gereed wees om 21h00 op Woensdag 03 MEI 2023.
6. Geen uitstaller mag die uitstalterrein beset alvorens dit met die Expo kantoor uitgeklaar en bevestig is nie, en hy in besit is van 'n kwitansie vir betaling nie.
7. Ontruiming van uitstallings vind slegs plaas op Sondag 07 MEI 2023 vanaf 07h00.
8. By bespreking sal 'n deposito gehef word. **Indien u die stalletjie afbreek of ontruim voor 07 MEI 2023 sal u die deposito verbeur.**
9. **Deposito's sal (2) twee weke na afloop van die skou deur EFT betaling terug betaal word. U stalletjie sal in die week na die skou geinspekteur word vir enige skade. – GEEN kontant betalings sal meer gedoen word nie vir veiligheids redes!**
10. Elke uitstaller is ten volle verantwoordelik vir veiligheid op sy perseel en moet voorsiening maak vir brandgevaar, elke uitstaller moet in besit van 'n brandblusser wees – inspeksie sal gedoen word.
11. Sale sal soggens om 08h00 open vir uitstallers en om 09h00 vir besoekers. Die saal se deure word Donderdag – en Vrydagaand om 22h00 gesluit en 21h00 op Saterdagaand.
12. **Gevaarlike artikels, veral die van "ontplofbare" aard, vuurwerke, klappers, cap guns, BB guns, laserligte en peashooters word nie op die skou terrein toegelaat nie. Die bestuur behou die reg om ter enige tyd artikels wat as gevaarlik en/of aanstootlik of ongeskik beskou word, te verwyder van die terrein**.
13. Geen alkohol mag in die stalletjies aangehou of verkoop word nie. DRANK MISBRUIK DEUR UITSTALLERS WORD STRENG VERBIED.
14. Geen onderverhuring mag plaasvind sonder die Expo Komitee se toestemming nie.
15. Alle bewegende masjienerie moet na behore omhein en beveilig word en bly die verantwoordelikheid van die uitstaller in die geval van 'n ongeluk .
16. Uitstallers is verantwoordelik vir die netheid van uitstalruimtes.
17. Elektriese toebehore moet aan die plaaslike Munisipale Regulasies en Genootskap standaarde voldoen. Elektriese toebehore moet diensbaar en geaard wees.
18. **Elektrisiteit – Slegs die Genootskap se amptelike elektrisiën is gemagtig om elektriese instalerings uit te voer. Een 15amp krag punt word voorsien. Enige bykomende krag moet met die Expo Kantoor uitgeklaar word en die voorsiening daarvan is vir u eie rekening.**
19. Geen oop braaivleisvure is toelaatbaar nie, spesiale vergunnings is uitgesluit.
20. Indien u stalletjie bespreek is en nie skriftelik gekanselleer is 14 dae voor die aanvang van die Expo nie, sal die deposito en alle betalings reeds gemaak verbeur word. 'n Kanselasie fooi van 50% van stalletjie waarde sal gehef word indien 14 dae skriftelike kennis van kansellasie gegee word.
21. Die reg van toegang word voorbehou.
22. Enige uitstaller, sy werkers of agent sal by oortreding van hierdie reëls die skouterrein belet word.
23. Plasing van uitstallings – Die bestuur behou die reg voor, in sy uitsluitlike oordeel, om sodanige uitstalling af te keur indien dit nie aan 'n aanvaarbare standaard voldoen nie.
24. Plasing van vertoongoedere – Geen uitstaller sal toegelaat word om sy goedere of kennisgewings op so 'n manier te vertoon dat dit die lig, uitsig, oop ruimtes of gange belemmer nie, of ongerief veroorsaak of 'n ander uitstaller benadeel nie.
25. Versierings en advertensies – Insluitend strooibiljette, plakkate, omsendbriewe, word slegs binne die perke van die uistaller se stalletjie toegelaat, die bestuur behou die reg voor om enige versiering of advertensie wat

aanstootlik of ongeskik vir die vertoning beskou word, enige tyd te verwyder of te laat verwyder. Slegs twee baniere en twee teardrops mag per stalletjie opgerig word op terrein. Raadpleeg asseblief die Expo bestuur oor waar u die baniere en teardrops mag opslaan.

26. Geen kollektes, vir liefdadigheid of enige ander doel, van die publiek sal toegelaat word op die skouterrein, sonder die uitdruklike skriftelike toestemming van die Bestuur nie.
27. Skade – Enige uitstaller wat skade aan die eiendom van die Genootskap aanrig, sal verantwoordelik wees vir die herstel of vervangingskostes daarvan.

28. Alle voedsel en verwante stalletjies is onderhewig aan die bepalings en regulasies van die Gesondheids dept. 'n Gelamineerde afskrif van die besigheid se "Geskiktheidsertifikaat vir 'n voedselperseël" moet te alle tye sigbaar wees.

**** Geen troeteldiere word toegelaat op die Upington Expo terrein nie.****

Erkenning van ontvangs en neerlegging by hierdie reëls.

_____ _____

Naam Handtekening

AANSOEK VIR VOERTUIG PERMIT

Voertuig permitte word slegs uitgereik aan voertuie wat daagliks voorraad by die stalletjie moet aflaai. Die voertuig moet nadat voorraad afgelaai is dadelik verwyder word na die parkeer area buite die uitstal ruimte.

Voertuie mag slegs aflewerings doen tussen 08h00 – 08h30 elke oggend.

Voertuie wat rondry tussen skougangers skep 'n baie ernstige gevaar veral vir klein kinders. Dit veroorsaak ook stof wat uitstallers se produkte beskadig/vuil maak – daarom vertrou ons dat u begrip sal hê dat hierdie reël baie streng toegepas sal word.

Stalletjie Naam:	
Naam & Van:	
Wat moet u daagliks aflewer?	
Voertuig registrasie Nr	